

SONSTRAAL GEMEENTE
Leef om te dien

40 JAAR van Genade

Dankofferveldtog

Oktober 2026 - Februarie 2027

BEWUS VAN WAT ONS ONTVANG
DANKBAAR VIR WAT ONS HET
GETROU IN WAT ONS DEEL

Veertig jaar se genade roep ons
tot dankbaarheid,
en dankbaarheid word sigbaar
in hoe ons saam leef en gee.

GENADE
GASVRY
GESTUUR

dankbaarheid

VEERTIG JAAR OM VOOR DANKBAAR TE WEES

In 2027 vier NG Kerk Sonstraal ’n besondere mylpaal: veertig jaar van gemeentewees. Veertig jaar waarin mense hier gedoop is, geloof ontdek en verdiep het, kinders grootgeword het, families saam aanbid het, mense versorg is en die gemeente op verskillende maniere diensbaar kon wees.

Ons kyk met dankbaarheid terug – nie omdat alles altyd maklik was of omdat ons alles reggekry het nie, maar omdat God deur al die jare getrou was. Ons het ontvang: geloof en hoop, mense en gawes, geleenthede om te dien, en ’n plek waar ons saam kan leer om soos Jesus te leef.

Hierdie dankbaarheid vra ook ’n antwoord. ’n Gemeente se roeping word nie net deur ’n visie of ’n begroting gedra nie. Dit word gedra deur mense wat hulle tyd, gawes, gebede en finansiële middele beskikbaar stel.



BEWUS – OM GOD SE GOEDHEID RAAK TE SIEN

Ons 2026-jaartema, BEWUS, herinner ons aan Johannes 21:1–14. In hierdie verhaal ontmoet die opgestane Jesus sy dissipels in die gewone ritme van hulle werk. Hy voorsien wat hulle nodig het en nooi hulle om saam te eet. Te midde van onsekerheid word hulle bewus van sy teenwoordigheid en sorg.

Om bewus te leef, beteken dat ons God se goedheid nie as vanselfsprekend aanvaar nie. Dit raak ook ons hantering van geld en besittings. Ons vra nie net wat ons kan ontvang nie, maar ook hoe ons dit wat aan ons toevertrou is, kan deel.

ONS JAARTEMA RAAK OOK ONS SAKKE.

Dankbaarheid bly nie net ’n gevoel of ’n geloofsbelydenis nie. Dit word sigbaar in ons keuses, ons prioriteite en ons bereidheid om by te dra.

rentmeesterskap

Waarom gee ons?

Die Bybel begin nie by die vraag hoeveel ons moet gee nie, maar by die vraag aan wie alles behoort. “Aan die Here behoort die aarde en alles wat daarop is” (Psalm 24:1). Ons is nie die finale eienaars van ons geld, tyd of besittings nie; ons ontvang dit as gawes en word geroep om dit verantwoordelik te bestuur.

Christelike gee is daarom ’n vorm van rentmeesterskap. Ons gee nie om God se guns te verdien, skuld af te betaal of ’n seën te koop nie. Ons gee omdat ons reeds uit genade leef. Ons bydraes word ’n praktiese manier waarop ons liefde vir God en ons naaste gestalte kry.



’n Vrywillige en verantwoordelike antwoord

Paulus herinner die gemeente: “as daar bereidwilligheid is, is dit aanneemlik volgens wat ’n mens het – nie volgens wat jy nie het nie” (2 Korintiërs 8:12). Hy moedig gelowiges aan om te gee soos hulle dit in hulle hart besluit het – nie met droefheid of onder dwang nie, want God het ’n blymoedige gewer lief (2 Korintiërs 9:7).

Die tiende kan vir sommige ’n nuttige geestelike riglyn of vertrekpunt wees. Dit behoort egter nie ’n wettiese maatstaf te word waarmee mense se geloof of waarde beoordeel word nie. Die Bybelse oproep is tot ’n lewe van ruimhartigheid, vrygewigheid en verantwoordelike gee – elkeen volgens vermoë en oortuiging.

GEE IS MEER AS ’N BEDRAG.

Dit is ’n geloofspraktyk waarin ons erken dat alles wat ons het, van God ontvang is, en waarin ons saam verantwoordelikheid aanvaar vir die gemeente se roeping.

Rentmeesterskap begin tuis

Wanneer families saam oor begrotings, behoeftes en bydraes praat, word rentmeesterskap deel van die geloofsvorming van die huis. Kinders en jongmense leer nie net uit wat ons sê nie, maar ook uit die waardes wat ons uitleef. En lidmate in elke lewensfase – ook dié wat al jare getrou bydra – het gawes en wysheid om met die gemeente te deel.



ONS FINANSIËLE WERKLIKHEID


Ons wil openlik en verantwoordelik kommunikeer oor die gemeente se finansies. Die syfers hieronder wys waar ons tans staan volgens hierdie jaar se begroting en die huidige projeksie. Dit help ons om realisties te beplan en saam verantwoordelikheid te neem.

INKOMSTE

R8 074 188 Begrote totale inkomste	R7 519 256 Geprojekteerde inkomste	R554 932 Verskil teenoor begroting
R7 869 544 Geprojekteerde uitgawes	R350 288 Verwagte bedryfstekort	

Die verskil van R554 932 is die bedrag waarmee die geprojekteerde inkomste onder die begrote inkomste is. Omdat die geprojekteerde uitgawes R7 869 544 beloop, wys die huidige projeksie 'n verwagte bedryfstekort van ongeveer R350 288.

WAAR KOM DIE INKOMSTE VANDAAN?



Ander inkomste sluit onder meer die jaarlikse bydrae van Songlen Trust (R800 000), rente op beleggings en beperkte huurinkomste uit een van Sonstraal se ruimtes in. Hierdie inkomste is waardevol, maar vorm 'n aanvulling tot – nie 'n plaasvervanger vir – die gereelde bydraes van lidmate nie.



Inkomstes Mrt 2026 - Feb 2027
Begroot 2026/2027
Skatting 2026/2027
62%
60%
5,100,000
4,100,000
3,100,000
2,100,000
1,100,000
100,000
(900,000)
Gemeentelike bydraes
10de Maand Dankoffer
Gespesifiseerde bydraes
Ander Inkomste Ekstern






WAARHEEN GAAN ONS GELD?

Ons uitgawes is nie bloot administratiewe kostes nie. Jou bydrae maak die gemeente se bediening, versorging en dienswerk moontlik. Die huidige geprojekteerde uitgawes word soos volg verdeel:



Totaal: R7 869 544



Salarisse verteenwoordig 58% van ons uitgawes en administrasie 6%. Saam is dit 64%. Dit beteken nie dat mense of personeel ’n las is nie. Ons personeel stel die gemeente in staat om kinders, jongmense, volwassenes en senior lidmate te begelei, eredienste en geloofsvorming te dra, mense pastoraal te versorg en diensbaar in die gemeenskap te wees.
Die ander 36% ondersteun onder meer plaaslike bediening, eiendom, dienswerk na buite, sinodale verantwoordelikhede en ander noodsaaklike uitgawes.

DIE DOEL IS NIE OM DIE BEDIENING KLEINER TE MAAK NIE.

Ons wil die finansiële basis verbreed sodat daar meer ruimte kan wees om mense te begelei, gawes te ontwikkel en die gemeente se roeping uit te leef.

Ons belê in mense – oor alle generasies heen

’n Gemeente is nie net ’n gebou of ’n begroting nie. Dit is ’n geloofsgemeenskap waarin mense mekaar help om te groei, te volhard en met hoop te leef. Daarom is belegging in bediening, ’n belegging in mense – in elke lewensfase.

Kinders, jongmense en families

Ons wil kinders help om die Bybelverhaal te leer ken, jongmense begelei om geloofsvrae eerlik te ondersoek en families ondersteun om geloof en goeie rentmeesterskap in die alledaagse lewe uit te leef. Die bediening aan jongmense is nie ’n losstaande projek nie; dit help om ’n geloofsgemeenskap oor geslagte heen te bou.

Volwassenes en senior lidmate

Ons bediening sluit ook volwassenes en senior lidmate in: mense wat getrou saam werk, bydra, bid, leiding gee en hulle lewenservaring deel. Senior lidmate is nie bloot ontvangers van sorg nie; hulle is draers van wysheid, geloof, gawes en diensbaarheid. Ons wil ruimte skep waar elkeen kan behoort, groei en betekenisvol deelneem.

’n Verantwoordelike besluit oor personeel

Met ds. Mia Oliver se diens wat op 31 Desember 2026 eindig en ds. Zandré Marais se huidige 50%-kontrak wat op 28 Februarie 2027 eindig, staan ons voor belangrike besluite oor die voortgesette bediening. Die kerkraad wil ds. Zandré se kontrak met ’n jaar verleng, terwyl die omvang van die pos – en die gepaardgaande persentasie – eers teen die einde van Februarie 2027 finaal bepaal word.

Ons wil hierdie besluite verantwoordelik neem, met die oog op die gemeente se roeping én die finansiële werklikheid. ’n Gesonde, volhoubare finansiële basis help ons om nie net vandag se bediening te dra nie, maar ook met vertroue vir die toekoms te beplan.

BAK ’N GROTER KOEK!

Ons kan die gemeente se finansiële uitdaging op twee maniere benader: Wanneer vaste uitgawes as deel van die begroting, proporsioneel ’n groter deel van die koek beslaan, bly daar al hoe kleiner dele van die koek oor om aan die praktiese uitlewing van die bediening te spandeer. Ons kan dus probeer om die bestaande koek in al kleiner skywe te sny, of ons kan saam werk om ’n groter koek te bak. Ons kies doelbewus om die inkomstegrondslag te verbreed sodat daar meer ruimte vir bediening kan ontstaan.
As die totale inkomste groei, word die deel wat aan salarisse en administrasie bestee word proporsioneel kleiner – selfs al bly die noodsaaklike personeel- en administrasiekoste min of meer dieselfde. Dan kan ’n groter deel van die geheel beskikbaar wees vir plaaslike bediening, versorging, dienswerk en nuwe geleenthede.

HOE BAK ONS ’N GROTER KOEK?



- Deur meer huishoudings te betrek by gereelde bydraes.
- Deur bestaande bydraers uit te nooi om hul bydrae te hersien namate omstandighede verander.
- Deur ’n bydrae doelbewus in die huishoudelike begroting in te bou – eerder as om net te gee wat aan die einde oorbly.
- Deur gereelde maandelikse bydraes of ’n debietorder te oorweeg.
- Deur ’n erflating te oorweeg.
- Deur elkeen se bydrae volgens vermoë en oortuiging te bepaal.

verantwoordelikheid

Dit gaan nie daaroor dat almal dieselfde bedrag moet gee nie. Dit gaan daaroor dat ons almal deelneem, elkeen na gelang van ons vermoë. ’n Gemeente se finansiële krag lê nie net in ’n paar groot bydraes nie, maar in ’n breë basis van lidmate wat saam verantwoordelikheid aanvaar.

ONS DANKOFFERDOELWIT:

R1 000 000

Die jaarlikse 10de Dankofferveldtog van R1 000 000 is ’n belangrike deel van die totale inkomste waarop ons begroting berus. Hierdie bedrag is reeds in die huidige inkomsteprojeksie verreken. Dit is dus nie ’n afsonderlike fonds vir een pos of een bediening nie; dit dra by tot die gemeente se totale finansiële verantwoordelikhede.

Selfs wanneer hierdie doelwit bereik word, wys die huidige projeksie steeds ’n verwagte bedryfstekort van ongeveer R350 288. Daarom bly die groei van gereelde gemeentelike bydraes belangrik.



Saam bou ons. Saam dien ons.

KOM ONS GEE SAAM

Ons staan op die drumpel van ’n feesjaar. In 2027 vier ons veertig jaar van God se genade en trou. Ons wil dit nie net vier deur terug te kyk nie, maar ook deur verantwoordelik vorentoe te beweeg – met ’n gemeente wat ruimte maak vir geloof, groei, versorging, toerusting, samesyn en diensbaarheid.

Ons nooi elke lidmaat en elke huishouding om biddend te oorweeg hoe julle deel kan wees van hierdie Dankofferveldtog. Dalk beteken dit dat jy vir die eerste keer ’n gereelde bydrae begin maak. Dalk kan jy jou bestaande bydrae hersien. Dalk kan julle as familie saam besluit hoe rentmeesterskap prakties deel van julle huishoudelike lewe kan word.

Wat ook al jou omstandighede is: gee vrywillig, verantwoordelik en volgens vermoë. Elke bydrae maak saak en word opreg waardeer. Baie dankie vir elkeen wat gelowig gee!

40 jaar van genade



Bewus van wat ons ontvang
Dankbaar vir wat ons het
Getrou in wat ons deel

HOE KAN EK BYDRA?

Jy kan jou bydrae op die gewone maniere aan die gemeente oorbetaal.
Oorweeg asseblief 'n gereelde maandelikse bydrae of debietorder,
sodat die gemeente met groter sekerheid kan beplan.

BANKBESONDERHEDE:

NG Kerk Sonstraal

ABSA Durbanville

Rek. Nr.: 1410580329

Takkode 334 810

Gebruik asseblief jou naam en van as
verwysing, of bly anoniem as jy dit sou verkies.

Snap here to pay

SnapScan

DEBIETORDER

Debietordervorm
klik hier
of scan die QR kode

Geouditeerde state is ter insae by die kerkkantoor beskikbaar.

Dankie dat jy deel is van Sonstraal.
Dankie dat jy saam gee en werk.

Ons waardeer jou!